SAKE 24 (Rapport)
18 Mar 2012, p.10

ST. HELENA

Lughawe kan eiland help finansieel onafhanklik word

Carin Smith

Kaapstad. – Volhoubare ontwikkeling gaan die grondslag vorm van die geleenthede wat op die eiland St. Helena ontstaan in die aanloop tot sy eerste lugverbinding met die res van die wêreld.

Dit geld ook die ontwikkeling van sy toerismesektor, wat na verwagting die meeste by dié verbinding sal baat vind.

Tans besoek sowat 2 000 toeriste per jaar die eiland en dit gaan tot 30 000 per jaar of gemiddeld 600 per week beperk word nadat die eiland se eerste lughawe einde 2015 voltooi is.

Vliegtuie soos 'n Boeing 737 en Airbus A319 sal daar kan land en 'n vryelugruimbeleid sal waarskynlik gevolg word. Dit beteken enige lugdiens sal daarheen kan vlieg. Die doel van die beperking op die aantal toeriste is om die eiland se unieke ekostelsel sowel as sy beeld as eksklusiewe en eksotiese bestemming te bewaar.

Die Suid-Afrikaanse konstruksiemaatskappy Basil Read bou die lughawe sowat 14 km buite die hoofstad, Jamestown, en die vliegtyd van Suid-Afrika of Namibië sal sowat vier uur wees. 'n Nuwe pad moet as deel van die lughaweprojek gebou word.

Tans kan die eiland net per skip bereik word en die Royal Mail Ship (RMS) St. Helena doen gemiddeld elke drie weke daar aan ná 'n vaart van vyf dae van Kaapstad af.

Die Royal Mail Ship (RMS) St. Helena doen die eiland elke drie weke aan.

Die eiland se ontwikkelingsagentskap het onlangs 'n nuwe beleggingsbeleid bekend gestel om beleggings te lok, maar ook om billikheid en deursigtigheid te verseker.

In die 2000's het die eiland se bruto binnelandse produk met gemiddeld net 0,7% gegroei. Die Britse regering en buitelandse skenkers ondersteun die eiland tans finansieel.

Dit is genoodsaak weens 'n gebrek aan noemenswaardige uitvoer, 'n groot afname in die bevolking, swak groei in produktiwiteit en lae vlakke van verbruikersbesteding.

Die openbare sektor is die eiland se grootste werkgewer. Die private sektor bestaan uit onbeduidende bedrywighede in konstruksie, vissery en toerisme.

Met die oog op die verwagte ekonomiese groei wat die lughawe gaan meebring, het die owerheid op St. Helena – wat nog 'n sogenaamde Britse oorsese gebied is – besluit om sy ekonomiese betrokkenheid stelselmatig te verminder sodat die private sektor kan groei.

Volgens die ontwikkelingsplan is van die geleenthede wat die ontginning van die toerismebedryf vir die private sektor inhou, die bou en bestuur van 'n paar hotelle, restaurante van goeie gehalte en meer toeriste-aktiwiteite.

'n Britse beleggingsgroep beplan byvoorbeeld 'n hotel, 'n aantal vakansiehuise en 'n gholfbaan met 18 putjies. Die lughawe sal ook geleenthede vir groter uitvoer van byvoorbeeld vis en koffie kan inhou.

Mnr. Mike Dean, hoof van toerismeontwikkeling op St. Helena, sê die lughawe en proaktiewe pogings om die toerismebedryf uit te brei en die ekonomie te ontwikkel, kan St. Helena in staat stel om moontlik teen 2022 sonder enige buitelandse finansiële hulp klaar te kom. "Dit is nou die regte tyd vir beleggers om geleenthede op die eiland te identifiseer in die aanloop tot die voltooiing van die lughawe. Meer mense sal ook na die eiland gelok moet word vir ekonomiese groei," sê Dean.

SAKE 24 (Rapport)
18 Mar 2012, p.10

Deur toeristegetalle te beperk wil St. Helena se owerheid sorg dat sy waarde as eksklusiewe en eksotiese bestemming vir eko-toerisme behoue bly.

Meer oor die plek waar Napoleon Bonaparte 'n banneling was

▸ St. Helena, met 'n oppervlakte van 122 km², is een van die mees geïsoleerde bewoonde eilande op aarde, want dit lê nie op 'n internasionale skeepsroete nie;

▸ Sy naaste buurman is Ascension-eiland 1 100 km noordwes, terwyl die kus van Brasilië 4 900 km weg lê en die hawe van Walvisbaai in Namibië en Kaapstad onderskeidelik 1 900 km en 2 400 km ver;

▸ Die Portugese het die eiland in 1502 ontdek. In 1673 is dit aan die Londense Oos-Indiese Kompanjie toegeken en in 1834 aan die Britse owerheid oorgedra;

▸ In Oktober 1815 het Napoleon Bonaparte van Frankryk op 46-jarige ouderdom as gevangene op die eiland aangekom en daar gebly tot sy dood in 1821;

▸ Die hoofstad, Jamestown, het sowat 840 inwoners en die eiland in geheel het sowat 4 000 inwoners;

▸ Die eiland het meer as 400 unieke inheemse spesies fauna en flora;

▸ Die tien voltydse boere hou hoofsaaklik koeie en varke op klein skaal aan en baie inwoners verbou groente vir eie gebruik;

▸ Die meeste voedsel moet ingevoer word en 'n klein hoeveelheid bevrore vis (hoofsaaklik tuna), word na Europa uitgevoer;

▸ Geen beperkinge bestaan op wie grond mag besit nie;

▸ Die sowat 300 mikro-ondernemings op die eiland het 45% van die arbeidsmag in diens;

▸ 'n Databasis met ondernemings is te kry by www.shda.co.sh/business_directory.php en inligting oor toerisme by www.sthelenatourism.com.